Uitgawe 53– JULIE 2025

# BRANDPUNT FOTOKLUB NUUSBRIEF






Fotograaf en salon medaljewenner Anri Wessels - Funky Ouma - SSCC



# Inligtingsblad

## Kontakbesonderhede


Bestuurslede:

Diane Goncalves - Voorsitster en Skakelbeampte - 073 160 4173

Jan Roos - Onder Voorsitter - 082 331 4506

Albertino Goncalves - Puntemeester en Salondirekteur - 083 376 2218

Ingrid Orrock - Sekretaresse - 083 233 6906

Johan Potgieter - Tesourier - 082 808 0302

Peter Thomas - Sosiale Media en Opleiding - 078 191 1736

Carlos da Silva - Vise - Puntemeester, Algemene bystand weglede - 082 723 6151

Karin van der Mescht - Nuusbrief en Bemarking - 082 921 5561


## Inhoudsopgawe


| | |
|---|---|
| Bladsy 1 | Voorblad. |
| Bladsy 2 - 3 | Inligtingsblad, inhoudsopgawe, mediaverwysingsblad. |
| Bladsy 4 - 11 | Wenfotos van Junie 2025 en opleiding skakels |
| Bladsy 12 | Klubtemas vir die jaar, datums, YouTube opnames van vergaderings. |
| Bladsy 13 | Impala lys. |
| Bladsy 14 | PSSA. |
| Bladsy 15 - 17 | Brandpunt jaarlikse kompetisie |
| Bladsy 18 - 29 | Spogblad |
| Bladsy 30 | Verjaarsdae |
| Bladsy 31 | Redaktrise slotsom |


## Webblad

https://www.brandpuntfotoklub.co.za/

## Facebook blaaie

**Brandpuntfotoklub**

https://www.facebook.com/groups/316793805689160

**Brandpunt Fotoklub**

https://www.facebook.com/search/top?q=brandpunt%20fotoklub

**In Fokus Brandpunt**

https://www.facebook.com/groups/758879147534055

***Brandpuntnuusbriewe op PSSA webblad***

Southern Gauteng Clubs – Photographic Society of South Africa

**Klik of dubbel klik op die internetskakels orals in die Nuusbrief en dit sal jou direk na die verskeie webblaaie toe neem.**

Van die fotos is van die internet afgetrek. Fotograwe onbekend.

## **Wie en wat is Brandpunt Fotoklub**

Brandpuntfotoklub is ‘n fotografieklub gesetel in Alberton, Gauteng.

Oud en jonk, baie ervare en grasgroen nuwelinge vind ‘n plekkie by Brandpunt Fotoklub.

Die uniekheid van hierdie klub is dat die voertaal Afrikaans is en dat dit wêreldwyd per Zoom bygewoon kan word.

Ons hou twee virtuele klubaande per maand waarvan een vir kamerafotos en een vir selfoonfotos is.

Elke 2de Dinsdag van n maand is dit Kamerafotos, 2 weke later is dit dan Selfoonfotos.

Dit begin stiptelik om18h45, Suid Afrikaans tyd. Lede sal ‘n Zoom uitnodiging ontvang in die loop van daardie dag.

Die datums is altyd op die Klubvergaderingsbladsy, bladsy 12, in die Brandpunt Fotoklub Nuusbrief, soos hierdie een.

Omdat die klubaande virtueel op Zoom is, stel dit ons in staat om lede landswyd en wêreldwyd te verwelkom.

Ons het selfs lede so vêr as Swede en Kanada wat ons vergaderings bywoon.

Die enigste voorwaarde is dat die lid, Afrikaans, magtig moet wees.

Dit word sterk aanbeveel dat die lid n verwerkingsprogram soos Photoshop of Lightroom en ’n goeie rekenaar moet hê.

Dis natuurlik vanselfsprekend dat mens ‘n kamera moet hê wat verskillende verstellings het waarmee jy ‘Aperture’, ISO, ‘Shutter’ ens. kan stel.

Dan moet mens ook ‘n lid van hierdie klub wees.

Die tarief op die oomblik vir 2025 is R500 per jaar. Spotgoedkoop.

Dit werk omtrent R23 per aand uit vir ‘n heerlike sessie wat omtrent 2 ure duur. Dis verby in ‘n oogwink.

Die opleiding, kameraadskap, leiding, idees, aansporing, groei, kompetisies, werkswinkels, uitstappies, raad, nuusbrief, met skakels na klubaande en tutorials ens, om net ‘n paar te noem, kan geld nie koop nie.

Boonop, meeste van dit, in die gerief van jou eie huis.

Op die inligtingsblad, bladsy 2, is meeste die skakels.

Dit gaan na ons Facebook blaaie wat deur die jare begin was deur verskeie lede met nuusbrokkies en fotos.

Vir verdere inligting besoek ons webwerf by www.brandpuntfotoklub.co.za. SKAKEL Brandpunt Fotoklub

Hierdie webwerf was gebou en word steeds in stand gehou deur ons fotograaf Peter Thomas (Grootmeester Silwer).

Meeste van Brandpunt Fotoklub se fotograwe is deur Peter Thomas geslyp. Sien ook sy Instagram @Peterjasie

# Wenner van Junie se Kamerafoto - Senior Tema - Panorama)

**Fotograaf Peter Thomas**

**St James strand**

**11 Ster Grootmeester Silwer**

Peter is die hoogs gekwalifiseerde fotograaf by Brandpuntfotoklub. Hy het meer as 50 jaar se ondervinding. Hy presteer in verskeie genres soos portrette, van mens en dier, aksiefotos, stillewe en blomme. Daar is eintlik niks wat hy nie, kan afneem nie. Hy het al baie van ons fotograwe op hulle voete gehelp, my inkluis. Hy het liefde, passie en ongekende entoesiasme vir fotografie. Hy is ook 'n puik en veelsydige model en beoordeelaar tot op salonstatus. Hy is jaar in en uit onder die top 20 fotograwe op die Impala lys. Hy is die heel grootste aanwins vir Brandpunt en die grootste puntemaker op die bord. Ons is baie bevoorreg om so 'n prima fotograaf in ons klub te hê Sy kwalifikasies is APSSA DPSSA LPSSA-Vers AV-LPSSA AFIAP .



https://photographylife.com/panoramic-photography-howto

**Panoramic photography** captures a wide, expansive view, often wider than a standard photograph.

The size of a panoramic image is often defined by its aspect ratio, which is the ratio of its width to its height.

Common aspect ratios include 2:1, 3:1, and 4:1, meaning the width is two, three, or four times the height, respectively.

BRANDPUNT FOTOKLUB

# Wenner van Junie  se Kamerafoto - Senior  Natuur

**Fotograaf Jan Roos**

**Sunbird Portrait**

**5 Ster**

Jan is 'n uiters begaafde en netjiese fotograaf. Sy foutlose fotos het hom in 'n baie kort tyd hoog op Impala punteleer en stergraderings laat styg. Hy het al vele pryse in 'n baie kort tyd verower. Sy spesialiteit is voëls en motorsport. Hy doen hoëspoed fotografie en sy fotos is altyd perfek. Dit is kenmerkend met eenvoudige skoon agtergronde en vlymskerp fokus voorwerpe Dit verg konsentrasie, geduld en ferm fokus. Hy hou ook daarvan om sy seun se rugby af te neem. Hy is 'n groot puntemaker vir ons klub. Jan het sy LPSSA verlede jaar verdien. Hy help medefotograwe graag met sy sagte geaardheid en geduld.



https://digital-photography-school.com/an-introduction-to-bird-photography/

BRANDPUNT FOTOKLUB

Bird photography is the art and practice of capturing images of birds, typically in their natural habitat.

It involves using specialized equipment, techniques, and knowledge of bird behavior to photograph birds.

They are often in flight or perched in natural settings.

It's a specialized form of wildlife photography, requiring specific skills and equipment like long lenses and knowledge of bird behavior.

# Wenner van Junie se Kamerafoto - Senior Ope

https://www.tourboxtech.com/en/news/what-is-pet-photography.html?srsltid=AfmBOoq4K9EuOlAEa4vok3oNREay7k4K5eWTC9Vb3Wwuy6G82GX5COEv

https://puptrait.com/dog-photographer/styles-of-dog-portraits/

https://www.1854.photography/2017/10/dog-photography/

https://clicklovegrow.com/8-pet-photography-tips/

https://shotkit.com/dog-photography-tips/

https://shotkit.com/photoshoot-ideas-with-dogs/





Brandpuntfotoklub - Peter Thomas - Woefie

Naaswenner op PSSA se webblad vir Junie.

**Fotograaf Peter Thomas**

**Woefie**

**11 Ster**

BRANDPUNT FOTOKLUB

**Wenner van  Junie se Kamerafoto  - Junior Tema  -  Panorama**




**Fotograaf Carlos da Silva**

**Tigane Pano**

**2 Ster**

## Wenner van Junie se Kamerafoto - Junior Natuur



**Fotograaf  Mari Rossouw**

**Got you**

**2 Ster**

**Wenner van  Junie  se Kamerafoto - Junior Ope**

**Algehele wenner - PSSA Junior Klub Wenner Foto Kompetisie vir Junie 2025**




**Fotograaf Mari Rossouw**

**Crash**

**2 Ster**

# Wenner van Junie se Selfoonfoto - Tema - Kosfotografie

https://www.pixpa.com/blog/food-photography

https://www.meghantelpner.com/guide-to-food-photography/

https://www.youtube.com/watch?v=O1hMKy3-4eU

https://www.youtube.com/watch?v=BT807FhQSp8

https://www.youtube.com/watch?v=qX_Gy69U41I



**Fotograaf Wynand Scholtz**

**Tumbling cakes**

**2 Ster**

**Wenner van  Junie se Selfoonfoto - Ope**




**Fotograaf  Nico Putter**

**1950s MG Convertible**

**3 Ster**

# KLUBVERGADERINGS 2025

Elke 2de Dinsdag van die maand is dit kamera aand .

Die laaste Dinsdag van die maand is dit selfoon aand.

**Alle opnames op hierdie bladsy is waargeneem en verskaf deur Albertino Goncalves.**

## Klubaand Kamera Fototemas

**Julie - Makro**

**Augustus– Diere portret**

**September - Stillewe**

**Oktober - Bewegende water**

**November - Liggaamsdeel bv hande**

**Klubaand Junie 2025**

Brandpunt Junie 2025 Klubaand met Dave Wolstencroft

**Selfoonaand Junie 2025**

(290) Makro Lesing deur Arnold Bester 2 - YouTube

## Selfoon Temas

**Julie - Iets vaarvoor jy bang is**

**Augustus - Monochrome**

**September - Double exposure**

**Oktober - Motorfietse**

**November - Wierook/Incense**











**Kamerafotos 4**

**8 Julie op ZOOM - 18H45 - NB**

**TEMA - Makro**

**+ 3 KAMERAFOTOS (ope of natuur - kleur of mono )**

***Naskrif……….SLUITINGSDATUM 6 Julie 23h59!!!!!***

**Minireeks 4-6 fotos**

**Wondergirl - konsep fotografie opleiding**

**23 Julie op ZOOM - 18H45 - NB**

***Naskrif….SLUITINGSDATUM 13 Julie 23h59!!!!!***

**Selfoonfotos 3**

**22 Julie op ZOOM - 18H45– NB**

**TEMA - Iets waarvoor jy bang is**

**+ 2 SELFOONFOTOS (ope)**

***Naskrif….. SLUITINGSDATUM 20 Julie 23h59!!!!!!***

Die fotos is van die internet afgetrek. Fotograwe onbekend.

| Salon Resultate vanaf PSSA Impala Lys | | | | | 30-Jun-25 |
|---|---|---|---|---|---|
| Tot en met Salon | | Van Paarl tot PECC | | | |
| **Fotograaf** | **Posisie** | **Punte** | **Posisie Beweging** | **Punte Beweging** |
| Peter Thomas | 14 | 184 | 7 | 31 |
| Karin van der Mescht | 101 | 77 | -5 | 8 |
| Jan Roos | 109 | 72 | -10 | 6 |
| Ingrid Orrock | 135 | 62 | -16 | 3 |
| Diane Goncalves | 172 | 50 | 1 | 9 |
| Nick van der Mescht | 192 | 45 | 25 | 12 |
| Elsa van Dyk | 202 | 38 | 46 | 12 |
| Sarie du Plessis | 206 | 42 | -4 | 6 |
| Melandie Kleinhans | 210 | 37 | -14 | 0 |
| Lucia Hewitt | 248 | 33 | -21 | 2 |
| Irene Kok | 314 | 21 | -23 | 0 |
| Albertino Goncalves | 402 | 14 | -35 | 0 |
| Nico Putter | 467 | 11 | -28 | 0 |
| Louis Mouton | 482 | 10 | 53 | 3 |
| Marinda van Heerden | 501 | 9 | 6 | 1 |
| Carlos da Silva | 624 | 5 | 268 | 4 |
| Estelle Mouton | 688 | 4 | 38 | 1 |
| Meryna Smith | 717 | 4 | -27 | 0 |
| Wynand Scholtz | 791 | 3 | 0 | 3 |
| Gemma Anniciello | 917 | 1 | -25 | 0 |
| Renate Jute | 988 | 1 | 0 | 1 |

Peter het vinnig grond terug gewen en is weer goed geplaas en Elsa is n stewige 46 posisies op gedryf deur 12 nuwe punte in die sak.

Louis se 3 punte gee hom sommer 53 posisies opwaarts en Carlos se 4 punte lewer 'n allemintige sprong van 268 posisies.

Dis verblydend om Wynand en Renate op die Impala lys te sien.

Ons weet dat van die lede minder tyd het as ander en nie altyd inskryf nie. Daar is geen fout daarmee nie, ons almal het verskillende verwagtinge van ons fotografie stokperdjie.

Dit is nogtans lekker om die kwaliteit van jou werk te toets soos in klubaaande en in die Impala kompetisie. As mens net 1 aanvaarding per salon verdien kan jou posisie in die top 200 laat beland.

Nog net n paar salonne se resultate word nog verwag en ons hou stywe duime dat lede se posisies nog gaan verbeter.

Vir interessantheidshalwe, let dat Judy Joubert in posisie 58 en Anri Wessels in posisie 98 lê.

<u>**Opgetrek en saamgestel deur Nick van der Mescht**</u>

BRANDPUNT FOTOKLUB

# Photographic Society of South Africa (PSSA)

Jy kan direk na die webblad toe gaan met interessante onderwerpe om te ondersoek . As jy nie 'n lid is nie, sal jy sekere skakels nie kan oopmaak nie.

Gaan gereeld na PSSA se webblad en kyk na die goeie fotos en verskeie kompetisies om jou te inspireer.

Ons klub word onderskryf deur die PSSA.

Dit beteken ons klub se werk word gemeet volgens nasionale en internasionale standaarde.

Ons werk onder alle reels wat vasgestel word deur die PSSA.

**Meer inligting/skakels om na te slaan**

https://www.photovaultonline.com/photovault/help/PhotoVaultOnlineClubAdministratorsHandbook.pdf

https://pssa.co.za/

https://pssa.co.za/pssa-salons/

https://pssa.co.za/diamond-ratings-and-salon-honours/

## PSSA

**Opkomende PSSA Salon Kalender**

| | |
|---|---|
| 2025/07/01 | Amber Salon |
| 2025/07/05 | Witzenberg Salon |
| 2025/07/15 | Danube Salon |
| 2025/07/19 | Edenvale Salon |
| 2025/08/02 | National Salon |
| 2025/08/09 | Up and Coming |
| 2025/08/16 | Sandton Salon |
| 2025/08/30 | Durban Salon |
| 2025/09/06 | Youth Salon |
| 2025/09/06 | Western Cape Circuit |
| 2025/09/13 | Bloemfontein Salon |
| 2025/09/27 | Johannesburg Salon |

BRANDPUNT FOTOKLUB

Die fotos is van die internet afgetrek. Fotograwe onbekend.

# Brandpuntfotokompetisie

**Gerhard Potgieter** en **Marinda van Heerden** se Brandpuntfotokompetisie prys, was 'n geleentheid om Outdoor Photo se Voëldag by Aloe Farm by te woon. Hulle kon kers aansteek by Roelof Groesbeek, wat 'n voëlkenner van formaat is. Die prys het ook 'n middagete ingesluit. Hy het goeie wenke met hulle gedeel en hulle het dit toegepas.






GERHARD




MARINDA



## **Brandpuntfotokompetisie**

**Carlos da Silva, Sarie du Plessis en Johan Potgieter** was gelukkige wenners.

Hulle het 'n uitstappie na Rietvlei Natuurreservaat saam met Roelof Groesbeek, die voëlkenner gewen.

Roelof het hulle onder andere gehelp met insette oor kamerastellings.

Ander handige wenke oor voëlfotografie was bespreek en toegepas op hierdie leersame koue dag.






BRANDPUNT FOTOKLUB

# Brandpuntfotokompetisie

**Diane Goncalves, Karin van der Mescht , Trevor Borcherds en Lucia Hewitt** se prys het ‘n fotosessie behels.

Dit het plaasgevind in Peter Thomas se ateljee en die model was Stephan Fourie.

Peter het die beligting die hele tyd verander.

Daar was ook baie rook by betrokke. Die model was vreeslik entoesiasties.

Dit was ‘n aangename sessie.

Die fotograwe het beurte gemaak om die model af te neem.









BRANDPUNT FOTOKLUB

**Brandpuntlede se fotos wat naaswenners was op PSSA se webblad vir Meimaand**



Brandpuntfotoklub - Sarie du Plessis - Istanbul guler in rooi sarie



Ingrid Orrock - Brandpuntfotoklub - Istanbul - Flights of the Sultans Maiden

**SPOGBLAD**

**Brandpuntlede se fotos wat naaswenners was op PSSA se webblad vir Meimaand**



Louis Mouton - Brandpuntfotoklub - View of the City



Peter Thomas - Brandpuntfotoklub - Kai

BRANDPUNT FOTOKLUB

SPOGBLAD

**Brandpuntlede se fotos wat naaswenners was op PSSA se webblad vir Meimaand**




Jan Roos - Brandpuntfotoklub - The red racer



Maryke Wessels - Brandpuntfotoklub - droomverlore

**SPOGBLAD**

BRANDPUNT FOTOKLUB

**Brandpuntlede se fotos wat naaswenners was op PSSA se webblad vir Meimaand**



Brandpuntfotoklub - Lucia Hewitt - Nectar moment



Diane Goncalves - Brandpuntfotoklub - Bridge with boat trails

**SPOGBLAD**

# Brandpuntlede se fotos wat naaswenners was op PSSA se webblad vir Meimaand

SPOGBLAD



Albertino Goncalves - Brandpuntfotoklub - Selfie

**Brandpuntlede se fotos wat naaswenners was op PSSA se webblad vir Juniemaand**



Peter Thomas - Brandpuntfotoklub - 1939 Chevy Coupe

SPOGBLAD



Anri Wessels - Brandpuntfotoklub - 3 musketiers

**Brandpuntlede se fotos wat naaswenners was op PSSA se webblad vir Juniemaand**

**SPOGBLAD**



Anri Wessels - Brandpuntfotoklub - vlieg hoog a

**Brandpuntlede se fotos wat naaswenners was op PSSA se webblad vir Juniemaand**




Albertino Goncalves - Brandpuntfotoklub -



Maryke Wessels - Brandpuntfotoklub - steaming

**SPOGBLAD**

# SPOGBLAD



Fotograaf Diane Goncalves - Lechwe playing in the wetland - Salon Meriete PECC

# SPOGBLAD



**Fotograaf Elsa E van Dyk - Standing Straight - Salon Meriete PECC**

# SPOGBLAD



**Fotograaf Ingrid Orrock - Scottish Highlands - Salon Meriete SSCC**

# SPOGBLAD



## KLUBBEVORDERINGS

**Karin van der Mescht**

**Word bevorder na 7 ster**

**Meester Silwer**

**Peter Thomas verdien ook 4 Aanvaardings by die CHOMOLUNAMA Internasionale Salon**

**Fotograaf Peter Thomas - BC 1692 mono - Salon Meriete SSCC**





# VERJAARSDAE 2025

Veels geluk aan almal wat in hierdie ysige wintermaand verjaar. Mag dit 'n wonderlike, vrolike jaar wees. Mag dit gevul wees met geluk, vreugde, wysheid, liefde, goeie gesondheid, vrede en mag alles voor die wind gaan met julle.

| | |
|---|---|
| **7 Julie** | **Jan Roos** |
| **10 Julie** | **Anri Wessels** |
| **12 Julie** | **Trevor Borcherds** |







Die fotos is van die internet afgetrek. Fotograwe onbekend.

Die opening van die nuwe PSSA jaar. Almal begin met nul. Dis nou die tyd om te begin werk.

Gesegdes van groot en bekende fotograwe-

'A true photograph need not be explained, nor can it be contained in words' Ansel Adams

'You don't take a photograph, you make a photograph' Ansel Adams

'A good photograph, is knowing where to stand' Ansel Adams

'Taking pictures is savoring life intensely every hundredth of a second' Marc Riboud





Beste groete,

Redaktrise,

Karin van der Mescht

Die fotos is van die internet afgetrek. Fotograwe onbekend.